



**STAATSKOERANT**  
**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**  
**GOVERNMENT GAZETTE**

REGULASIEKOERANT No. 1408

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRYS 10c PRICE  
OORSEE 15c OVERSEAS  
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1408

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

VOL. 69]

PRETORIA, 5 MAART 1971  
5 MARCH

[No. 3008

**PROKLAMASIE**

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 35, 1971

**VERBOD OP DIE VERKOOP VAN ROOIBOSTEE IN DIE REPUBLIEK TENSY DIT VERPAK OF VOLGENS GRAAD GEMERK IS SOOS BY REGULASIE VOORGESKRYF**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 84 van die Bemerkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), herroep ek hierby Proklamasie R. 17 van 1964, soos gewysig.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Sestiende dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

**PROCLAMATION**

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 35, 1971

**PROHIBITION OF THE SALE OF ROOIBOS TEA IN THE REPUBLIC UNLESS IT IS PACKED OR MARKED ACCORDING TO GRADE IN THE MANNER PRESCRIBED BY REGULATION—REVOCATION**

Under the powers vested in me by section 84 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I hereby repeal Proclamation R. 17 of 1964, as amended.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Sixteenth day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

**GOEWERMENSKENNISGEWINGS**

**DEPARTEMENT VAN ARBEID**

No. R. 307 5 Maart 1971

**WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG**

**NATIONALE KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN DIE LUGRUIMNYWERHEID.—INTREKKING EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES**

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby, ingevolge artikel 16 van bogemelde Wet, dat die bepalinge van Goewermentskennisgewing R. 1987 van 13 November 1970, in werking tree vanaf die datum van publikasie van hiedie kennisgewing.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

A—59682

**GOVERNMENT NOTICES**

**DEPARTMENT OF LABOUR**

No. R. 307 5 March 1971

**APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED**

**NATIONAL APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE AEROSPACE INDUSTRY.—WITHDRAWAL AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP**

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of section 16 of the above-mentioned Act, declare that the provisions of Government Notice R. 1987 of 13 November 1970 shall come into operation as from the date of publication of this notice.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

1—3008

No. R. 308 5 Maart 1971  
**WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG**  
**NATIONALE KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN**  
**DIE LUGRUIMNYWERHEID. — INDIENSNEMING**  
**EN BEËINDIGING VAN DIENSTE VAN MINDER-**  
**JARIGES IN AANGEWESSE AMBAGTE**

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby, ingevolge artikel 19 van bogemelde Wet dat, met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel van toepassing is ten opsigte van al die aangewese ambagte in die nywerheid en gebied waarvoor bogemelde Komitee ingestel is.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 322 5 Maart 1971  
**WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**  
**BESKUITNYWERHEID, REPUBLIEK VAN**  
**SUID-AFRIKA**

Die volgende verbetering aan Goewermentskennisgewing R. 39 wat in *Staatskoerant* 2972 van 13 Januarie 1971 verskyn, word vir algemene inligting gepubliseer:

In beide die Engelse en die Afrikaanse weergawe van die Ooreenkoms vervang "A. Calmeyer" deur "A. Solomon" as ondertekenaar van die Ooreenkoms en van die memorandum van ooreenkoms in Aanhangsel A.

**DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE**  
**EN -ONTWIKKELING**

No. R. 301 5 Maart 1971  
**WYSIGING VAN REËLS.—BANTOE-**  
**EGSKEIDINGSHOWE**

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 13 (5) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), en artikel 10 (4) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927, Wysigingswet, 1929 (Wet 9 van 1929), die wysiging van die reëls vir Bantoe-egskeidingshowe afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2085 van 1967, ooreenkomstig bygaande Bylae goed te keur.

**BYLAE**  
*Reël 10*

1. In die Engelse teks in subreël (1) voeg "to the court" in na die woord "court" waar dit die laaste keer voorkom.

*Aanhangsel 1*

2. (a) In Tabel A in Aanhangsel 1 van die reëls vervang item 20 deur die volgende item:

"20. (a) Voorbereiding vir verhoor as 'n advokaat nie verskyn nie ... .. 5 00

(b) Indien 'n advokaat wel verskyn—'n enkele bedrag vir instruksies aan hom ... .. 3 00"; en

(b) vervang item 22 deur die volgende item:

"22. Verskyning in die hof tydens verhoor of by ondersoek op kommissie, ten opsigte van òf die prokureur òf advokaat wat verskyn, maar nie beide nie—vir elke uur of gedeelte daarvan in die hof teenwoordig terwyl die saak werklik verhoor word ... .. 2 00".

No. R. 308 5 March 1971  
**APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED**  
**NATIONAL APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR**  
**THE AEROSPACE INDUSTRY.—ENGAGEMENT**  
**AND TERMINATION OF SERVICES OF MINORS**  
**IN DESIGNATED TRADES**

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of section 19 of the above-mentioned Act, declare that with effect from the date of publication of this notice the provisions of subsection (3) of the said section shall apply in respect of all designated trades in the Industry and area for which the above-mentioned Committee was established.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. R. 322 5 March 1971  
**INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**  
**BISCUIT MANUFACTURING INDUSTRY,**  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

The following correction to Government Notice R. 39 appearing in *Government Gazette* 2972, dated 13 January 1971, is published for general information:

In both the English and Afrikaans versions of the Agreement substitute "A. Solomon" for "A. Calmeyer" as signatory to the agreement and to the memorandum of agreement in Annexure A.

**DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION**  
**AND DEVELOPMENT**

No. R. 301 5 March 1971  
**AMENDMENT OF RULES.—BANTU DIVORCE**  
**COURTS**

The State President has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 13 (5) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), and section 10 (4) of the Bantu Administration Act, 1927, Amendment Act, 1929 (Act 9 of 1929), to approve the amendment of the rules for Bantu Divorce Courts, published under Government Notice R. 2085 of 1967, in accordance with the accompanying Schedule.

**SCHEDULE**  
*Rule 10*

1. In the English version, in subrule (1), after the word "court" where it appears for the last time, insert "to the court".

*Annexure 1*

2. (a) In Table A in Annexure 1 to the rules, substitute for item 20 the following item:

"20. (a) Preparing for trial if counsel is not employed ... .. 5 00

(b) Where counsel is employed—a single fee for instructing him ... .. 3 00"; and

(b) substitute for item 22 the following item:

"22. Attending court on trial or at examination on commission, in respect of either the attorney or counsel employed, but not both—for each hour or part thereof spent in court whilst the case is actually being heard ... .. 2 00".

No. R. 302 5 Maart 1971  
**WYSIGING VAN REËLS—BANTOESAKEKOMIS-  
 SARISHOWE.—SIVIELE GEDINGE**

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 (4) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), die wysiging van die regulasies wat die reëls bevat waarby die praktyk en prosedure wat in die siviele howe van Bantoesake-kommissarisse gevolg moet word en wat by Goewerments-kennisgewing R. 2083 van 1967 afgekondig is, ooreenkomstig bygaande Bylae goed te keur.

**BYLAE**

*Reël 43*

1. In die Afrikaanse teks van subreël (8)—

(a) vervang in paragraaf (c) die woord "verweerder" deur die woord "eiser"; en

(b) vervang in paragraaf (d) die woord "versoek" deur die woord "toestemming".

*Reël 55*

2. Vervang subreël (4) deur die volgende subreël:

"(4) As die partye wat nie regsvertegenwoordig is nie, op enige dag binne die tydperk waarin verskyning aange-teken kan word, hul opwagting saam met hul getuies by die hof maak, kan die hof, ondanks die bepalings van hierdie reël, met die toestemming van die partye die pleit in die ope hof aanteken en die saak verhoor en besleg asof dit vir verhoor op daardie dag op die rol geplaas was."

*Reël 62*

3. Vervang subreël (1) deur die volgende subreël:

"(1) Die hof kan enige prosesstuk vir die tenuitvoerlegging van sy uitspraak in enige aksie of geding teen enige party by sodanige aksie of geding uitreik: Met dien verstande dat 'n lasbrief vir eksekusie teen goed kragtens 'n uitspraak nie na verstryking van tien jaar vanaf die datum waarop dit gegee of waarop die laaste paaientment ten opsigte daarvan betaal is, uitgereik kan word nie, behalwe wanneer die hof waarin die uitspraak gegee is, of 'n hof met regspraak ten opsigte van die uitspraakskuldenaar op aansoek en koste van die uitspraakskuldeiser 'n bevel daartoe gee nadat die uitspraakskuldenaar behoorlik in kennis gestel is om gronde aan te voer waarom die lasbrief vir eksekusie nie uitgereik moet word nie."

**DEPARTEMENT VAN FINANSIES**

No. R. 309 5 Maart 1971

**DEVIESEBEHEERREGULASIES.—OMSKRYWING  
 VAN STERLINGGEBIED**

Paragraaf 1 van Goewermentskennisgewing R. 1112 van 1 Desember 1961, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1208 van 27 Julie 1962, R. 1604 van 18 Oktober 1963, R. 2038 van 23 Desember 1966, R. 987 van 30 Mei 1968, R. 1238 van 19 Julie 1968, R. 1793 van 4 Oktober 1968, R. 1264 van 7 Augustus 1970 en R. 2205 van 11 Desember 1970, word hierby verder gewysig deur die subparagraaf wat begin met "Die Verenigde Koninkryk . . ." en eindig met ". . . uitsondering van Kanada en Rhodesië" deur die volgende subparagraaf te vervang:

"Die Verenigde Koninkryk, die Kanaaleilande en die Eiland Man, die Australiese Gemenebes, Barbados, Botswana, Ceylon, die Republiek van Ciprus, Fidji, Gambië, Ghana, Guyana, Ysland, Indië (insluitende Sikkim), die Republiek Ierland, Jamaïka, die Hasjimitiese Koninkryk van Jordanië, Kenia, die Staat Koeweit, Lesotho, die Verenigde Koninkryk van Libië, Malawi, Maleisië, Malta,

No. R. 302 5 March 1971  
**AMENDMENT OF RULES.—COURTS OF BANTU  
 AFFAIRS COMMISSIONERS.—CIVIL PROCEED-  
 INGS**

The State President has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 10 (4) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), to approve the amendment of the regulations containing the rules prescribing the practice and procedure in civil proceedings in courts of Bantu Affairs Commissioners, which were published under Government Notice R. 2083 of 1967, in accordance with the accompanying Schedule.

**SCHEDULE**

*Rule 43*

1. In the Afrikaans version of subrule (8)—

(a) substitute in paragraph (c) for the word "verweerder" the word "eiser"; and

(b) substitute in paragraph (d) for the word "versoek" the word "toestemming".

*Rule 55*

2. Substitute for subrule (4) the following subrule:

"(4) If the parties not being legally represented, on any day within the period in which appearance may be entered, appear with their witnesses, the court may, notwithstanding the provisions of this rule, with the consent of the parties record the plea in open court and hear and determine the case as if it had been set down for hearing on that day."

*Rule 62*

3. Substitute for subrule (1) the following subrule:

"(1) The court may issue any process for the execution of its judgment in any action or suite against any party to such action or suite: Provided that a warrant of execution against property may not be issued upon a judgment after ten years from the day on which it was pronounced or on which the last payment in respect thereof was made, except upon an order of the court in which judgment was pronounced or of any court having jurisdiction, in respect of the judgment debtor, on the application and at the expence of the judgment creditor, after due notice to the judgment debtor to show cause why the warrant of execution should not be issued."

**DEPARTMENT OF FINANCE**

No. R. 309 5 March 1971

**EXCHANGE CONTROL REGULATIONS.—DEFINI-  
 TION OF STERLING AREA**

Paragraph 1 of Government Notice R. 1112 of 1 December 1961, as amended by Government Notices R. 1208 of 27 July 1962, R. 1604 of 18 October 1963, R. 2038 of 23 December 1966, R. 987 of 30 May 1968, R. 1238 of 19 July 1968, R. 1793 of 4 October 1968, R. 1264 of 7 August 1970 and R. 2205 of 11 December 1970, is hereby further amended by the substitution for the subparagraph beginning with "The United Kingdom . . ." and ending with ". . . except Canada and Rhodesia" of the following subparagraph:

"The United Kingdom, the Channel Islands and the Isle of Man, the Commonwealth of Australia, Barbados, Botswana, Ceylon, the Republic of Cyprus, Fiji, Gambia, Ghana, Guyana, Iceland, India (including Sikkim), the Republic of Ireland, Jamaica, the Hashemite Kingdom of Jordan, Kenya, the State of Kuwait, Lesotho, the United Kingdom of Libya, Malawi, Malaysia, Malta, Mauritius,

Mauritius, Nieu-Seeland, Nigerië, Pakistan, Sierra Leone, Singapoer, Swaziland, die Verenigde Republiek van Tanzanië, Tonga, Trinidad en Tobago, Uganda, Wes-Samoa, die Demokratiese Volksrepubliek van Jemen, Zambië, enige protektoraat, beskermde staat of trustgebied binne die bedoeling van die 'British Nationality'-wette, 1948 en 1958, en enige Britse dominium nie voorheen genoem nie, met uitsondering van Kanada en Rhodesië."

New Zealand, Nigeria, Pakistan, Sierra Leone, Singapore, Swaziland, the United Republic of Tanzania, Tonga, Trinidad and Tobago, Uganda, Western Samoa, the People's Democratic Republic of Yemen, Zambia, any protectorate, protected state or trust territory within the meaning of the British Nationality Acts, 1948 and 1958, and any British dominion not mentioned before, except Canada and Rhodesia."

**DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWĒSE**

No. R. 300 5 Maart 1971  
INTERNASIONALE TELEFOONDIENS

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel drie van Wet 44 van 1958, sy goedkeuring te heg aan die toepassing van die volgende tariewe ten opsigte van telefoonoproepe na ondergenoemde land:

Diens na	Eerste drie minute of gedeelte daarvan	Elke bykomende minuut	Verslagkoste
Reunion.....	R 4.90	R 1.63	c 40

**DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS**

No. R. 300 5 March 1971  
INTERNATIONAL TELEPHONE SERVICE

The State President has been pleased, under the provisions of section three of Act 44 of 1958, to approve of the following tariffs in respect of telephone calls to the undermentioned country:

Service to	First three minutes or portion thereof	Each additional minute	Report charge
Reunion.....	R 4.90	R 1.63	c 40

**INHOUD**

No.	BLADSY
<b>PROKLAMASIE</b>	
R. 35. Verbod op die verkoop van rooibostee	1
<b>GOEWERMENSKENNISGEWINGS</b>	
<b>Arbeid, Departement van</b>	
<b>GOEWERMENSKENNISGEWINGS</b>	
R. 307. Nasionale Komitee vir Vakleerlinge in die Lugruimnywerheid: Intrekking en voorskrywing van leervooraardes ...	1
R. 308. Nasionale Komitee vir Vakleerlinge in die Lugruimnywerheid: Indiensneming en beëindiging van dienste van minderjariges in aangewese ambagte ...	2
R. 322. Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Beskuijnywerheid ...	2
<b>Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Departement van</b>	
<b>GOEWERMENSKENNISGEWINGS</b>	
R. 301. Wysiging van reëls: Bantoe-egskeidingshowe ...	2
R. 302. Wysiging van reëls: Bantoesakekommis-sarishowe: Siviele gedinge ...	3
<b>Finansies, Departement van</b>	
<b>GOEWERMENSKENNISGEWING</b>	
R. 309. Deviesebeheerregulasies: Omskrywing van sterlinggebied ...	3
<b>Pos-en-Telegraafwese, Departement van</b>	
<b>GOEWERMENSKENNISGEWING</b>	
R. 300. Internasionale Telefoondiens ...	4

**CONTENTS**

No.	PAGE
<b>PROCLAMATION</b>	
R. 35. Prohibition of the sale of rooibos tea ...	1
<b>GOVERNMENT NOTICES</b>	
<b>Bantu Administration and Development, Department of</b>	
<b>GOVERNMENT NOTICES</b>	
R. 301. Amendment of rules: Bantu Divorce Courts ...	2
R. 302. Amendment of rules: Courts of Bantu Affairs Commissioners: Civil proceedings	3
<b>Finance, Department of</b>	
<b>GOVERNMENT NOTICE</b>	
R. 309. Exchange Control Regulations: Definition of sterling area ...	3
<b>Labour, Department of</b>	
<b>GOVERNMENT NOTICES</b>	
R. 307. National Apprenticeship Committee for the Aerospace Industry: Withdrawal and prescription of conditions of apprenticeship ...	1
R. 308. National Apprenticeship Committee for the Aerospace Industry: Engagement and termination of services of minors in designated trades ...	2
R. 322. Industrial Conciliation Act, 1956: Biscuit Manufacturing Industry ...	2
<b>Posts and Telegraphs, Department of</b>	
<b>GOVERNMENT NOTICE</b>	
R. 300. International Telephone Service ...	4